Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-03-08

Liewe Ouers

GHOLFDAG: 8 MAART 2024

Ons kan die Klein Lochieland ouers nie genoeg bedank vir hul vrygewigheid met hierdie gholfdag nie! Baie, baie dankie vir elke bottel wyn, pak skyfies, lekkers, neute, pryse, borge, kontantskenkings en die spelers wat ons ondersteun! ‘n Maand gelede was ons bekommerd dat dit nie soos ons normale gholfdae gaan wees nie, maar met elke ouer wat sy hand uitgesteek het en gehelp het, kan ons weer ‘n gholfdag van ‘n baie hoë standaard aanbied.

Aangesien dit ons enigste fondsinsameling vir die jaar is, probeer ons altyd baie hard om maksimum wins te genereer, maar terselfdertyd ‘n genotvolle dag vir die spelers aan te bied. Weereens baie dankie!!

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO’S

Ouers het reeds hul koeverte, met voorbeelde van u kind se foto’s daarop geplak, hierdie week ontvang. MOET DIT ASB. NIE VERWYDER NIE. Dit is om die korrekte foto vir u pakket te kies. Die volgende fotopakkette is beskikbaar:

PAKKET A: **R135-00**

- 1 X A4
- 1 X 13/18cm
- 2 Jumbo’s
- 4 ID-foto’s

PAKKET B: **R230-00**

- 1 X A5
- 1 X 13/18cm
- 3 Jumbo’s
- “pendant” sleutelring

KLASFOTO: **R45-00**

- A5

ALLE KOEVERTE MET GELDE MOET TEEN VRYDAG 5 APRIL IN WEES, ASB!

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **EMOSIES en SINTUIE**

Maandag	11 Maart:	Ons leer van verskillende emosies
Dinsdag	12 Maart:	Bak-en-Brou: ‘n Pizza-gesiggie
Woensdag	13 Maart:	Versier ‘n hanswors
Donderdag	14 Maart:	***Juf. Anita, assistent van die Eendjieklas verjaar. Baie geluk!***

Vrydag 15 Maart: Ons proe verskillende smake

GRAAD RR-INLIGTING:

AANTREKDAG: WOENSDAG 13 MAART

Om aan te pas by ons tema kan die kleuters aantrek soos iemand in hulle familie, bv. ouma, oupa, boetie, sussie, pappa of mamma.

OUMA en OUPADAG: DONDERDAG 14 MAART

Ons sien baie uit om al die oumas en oupas by Kein Lochieland te verwelkom. Ons gaan heerlik piekniek hou en saam kuier. Kunswerkies van die kleuters sal teen ‘n minimum donasie van R10-00 verkoop word.

Ons tema vir volgende week is: **MY FAMILIE**

Ons persepsies is:
Kleur: **Pienk**
Vorm: **Ster**
Getal: **4**
Klank: **h-klankie**

Maandag 11 Maart: ***Laaste dag vir kaartjieverkope vir Ouma- en Oupadag***

Dinsdag 12 Maart: Ons teken vir mamma

Woensdag 13 Maart: ***Aantrekdag: Trek aan soos iemand in jou familie***
Bring asb. ‘n sterbroodjie

Donderdag 14 Maart: ***OUMA- en OUPADAG: Trek skoolhempies aan, asb.***
Juf. Anita, assistent van die Eendjieklas verjaar. Baie geluk!

Vrydag 15 Maart: Lekkertjie-dag

Geniet u naweek en sterkte met die ouers wat die gholfdag vandag ondersteun!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel